




20 SEPTEMBER 2020

# TORINGKERK

*nuus*

**KOM  
TUIS**



## TORINGKERK IS AANLYN

Ons het 'n splinternuwe **YouTube**-kanaal!  
Gaan soek ons en druk "**Subscribe**" om ons weeklikse opnames te kyk.

Kontak ons asseblief as jy nie die weeklikse inligting per e-pos of Whatsapp ontvang nie.

## GESONDE GEDAGTES

KOM SIT ASSEBLIEF HIER BY JESUS SE VUUR... EEN WAT GOEIE HITTE AFGEE DEUR STEPHAN JOUBERT

Mag ek jou oornooi na 'n ander vuur toe, een wat goeie hitte afgee. By daardie oorkantste vuur brand almal seer. Daar baklei almal. Daar stry almal oor wie is die meeste benadeel en verneder. Vroue, mans, kinders, wit swart, gay, straight, oud, jonk en al die res is daar slagoffers. Daar is soveel oop wonde, soveel rou emosies.

Kom sit hier. Hier maak die vuur almal warm. Hier is genesing te vind... asook 'n bietjie vrede en rus vir elkeen se gemoed. Hierdie is Jesus se goeie vuur. Ja, daar by die ander vuur sê sommiges dit ook. Maar hulle verstaan nie vir Jesus reg nie. Hulle neem Hom eintlik net in diens vir hulle eie seermaak stories wat almal gedurig laat skuldig voel. Of vir hulle eie agendas vir geregtigheid.

By hierdie vuur waar Jesus die Eregas en Gasheer is, sit mense graag hulle seerkry aan sy voete neer. Hier leer hulle om deur die Here se genadige oë na mekaar te kyk, en om met mekaar te praat as regte mense... as kosbare mense! Hier is niemand slagoffers nie. Of weners ten koste van ander nie. Hier is almal begenadigdes. Hulle eie pyn en seerkry word deur die kruis getemper. Hier ruil mense hulle eie verhale op vir Syne. Hier leer almal om Jesus se verhaal bo-oor hulle eie lewensverhale te skryf en om dit oor te vertel en uit te leef. By hierdie vuur is daar warmte en veiligheid, die Here S'n. Kom sit asseblief hier.





20 SEPTEMBER 2020

# TORINGKERK

nuus

## ONS (KERK)GEBOU IS WEER OOP!

**ELKE SONDAG OGGEND | 9H30**

**DAAR IS PLEK VIR 50 MENSE | BESPREEK VOOR VRYDAE 13H BY DIE KANTOOR**

**VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS  
MINI-MARKIETIE!**

**[www.toringkerk.co.za](http://www.toringkerk.co.za)**

Doen asb moeite om hierdie skakel vir 5 van jou vriende te stuur en hulle aan te moedig om bestellings te plaas vir ons mini Markietie.

**KAN JY 'N HANDJIE BYSIT?**

Ons benodig mense om 'n paar dae voor ons mini Markietie te help om bestellings aan mekaar te sit en reg te kry vir die middag se optel. Ons benodig ook mense om te help pannekoek bak, burgers maak, patties braai en potjiekos inskep op Vrydag 9 Oktober van vroeg in die oggend. As jy kan help laat weet asb vir Jana. Jy kan sommer vir haar 'n whatsapp of sms stuur en sy sal jou kontak.

**VAT 5 PROJEK**

bel en bestel optel  
**mini MARKietie**  
2020  
[www.toringkerk.co.za](http://www.toringkerk.co.za)

**Stuur asb hierdie link na 5 vriende dan kan hulle ook bestellings maak vir ons mini Markietie!**



TORINGKERK. PAARL. HOEK VAN HOOF- EN VAN DER LINGEN STRAAT. BOONSTE KERKSAAL.



**BESTEL VOORAF BY DIE KERKKANTOOR:**  
021 872 6730 / [INFO@TORINGKERK.CO.ZA](mailto:INFO@TORINGKERK.CO.ZA)

**9 OKT : MINI MARKIETIE**

**10 OKT : WYNPROE & WYNVEILING**

**9 OKT & 12-16 OKT : WIT OLIFANTE**

**AFSNYDATUMS VIR MINI MARKIETIE BESTELLINGS:**

**2 OKT: KOEKIES, KOEKE & GEBAK**

**8 OKT: RES VAN DIE ITEMS**



**TORINGKERK. BOONSTE KERKSAAL. HOEK VAN HOOF- EN VAN DER LINGEN STRAAT. PAARL.**



**9 OKT : MINI MARKIETIE**

**10 OKT : WYNPROE & WYNVEILING**

**9 OKT & 12-16 OKT : WIT OLIFANTE**

**BESTEL VOORAF BY DIE KERKKANTOOR: 021 872 6730 / INFO@TORINGKERK.CO.ZA**

**VRYDAG, 9 OKT : MINI MARKIETIE**

#### **WAT KAN JY BESTEL?**

Burgers, pannekoek, basaarpoeding en ons legendariese potjiekos! Koekies, beskuit, koeke, quiches, samoosas, brownies, vars eiers en 'n paar lekker verrassings!

#### **WANNEER MOET JY BESTEL?**

Aanlyn bestellings is oop vanaf **9 September** op ons aanlyn-platform wat ons in die volgende week sal open. Bestellings sluit Woensdag **7 Oktober** vir alle kosse. Koeke en gebak se bestelling sluit **5 Oktober**. Vinnig spring, want daar is ongelukkig net beperkte voorraad!

#### **WANNEER KAN JY AFHAAL?**

Alle bestelling kan vanaf Vrydag **9 Oktober** om 13:00 afgehaal word by die kerksaal. Bespreek asseblief 'n spesifieke tyd om jou bestelling af te haal op die aanlyn-platform. Let wel: Die potjiekos is eers vanaf 17:00 beskikbaar om afgehaal te word.

**9 OKT & 12-16 OKT : WIT OLIFANTE**

#### **WITOLIFANT**

Ons witlifant sal ook beskikbaar wees in die kerksaal op **9 Oktober** vanaf 13:00 - 20:00 en van 12-16 Oktober vanaf 09:00 - 13:00.

**10 OKT : WYNPROE & WYNVEILING**

#### **WYNPROE- EN WYNVEILING-KUIERAAND**

Koop jou kaartjie aanlyn vir ons wynproe- en wynveiling-kuieraand op **10 Oktober**. Kaartjies is **R100 per persoon**. Slegs 50 plekke is beskikbaar. Elunda Basson, keldermeester van Steenberg-wynplaas, gaan die wynproe aanbied.

**SONDAG, 11 OKT : FEESDIENS**

#### **AANLYN ÉN IN DIE KERKGEBOU**

Ons hou ons Markietie-erediens en skop af met die reeks: Leer leef met Jesus 40 dae.

**SKENKINGS VIR WYNVEILING**

#### **AWYNVEILING GAAN ONS HOU!**

Dis 'n uitdaging om vanjaar 'n wynveiling te hou. Met al die beperkinge wat die Covid-inperkings op ons plaas is ons speelruimte maar min.

Maar in Toringkerk laat ons ons nie onderkry nie. So, ons gaan 'n wynveiling hou, al mag ons net 50 mense daar wees en streng reëls gehoorsaam. Ons is op soek na drinkwyn, versamelwyn, rooiwyn, witwyn, n mooi spesiale bottel... Gee dit en ons veil hom op! Skakel Gert van Schalkwyk by 083 6299267 indien jy 'n skenking wil maak. Baie dankie vir al julle ondersteuning. Ons waardeer dit opreg.



**TORINGKERK. BOONSTE KERKSAAL. HOEK VAN HOOFF- EN VAN DER LINGEN STRAAT. PAARL.**



**9 OKT : MINI MARKIETIE**

**10 OKT : WYNPROE & WYNVEILING**

**9 OKT & 12-16 OKT : WIT OLIFANTE**

**BESTEL VOORAF BY DIE KERKKANTOOR: 021 872 6730 / INFO@TORINGKERK.CO.ZA**

**DIE AANLYN-WINKEL IS OOP!**

**PLAAS SOMMER VANDAG JOU BESTELLING!**

Ons is baie opgewonde vir ons heel eerste aanlyn Markietie! Jy is welkom om ons aanlyn winkel op ons webtuiste te besoek en sommer vandag al te bestel! Plaas jou bestellings nou reeds op ons aanlyn platform: [www.toringkerk.co.za](http://www.toringkerk.co.za)

Ons sien uit om steeds saam Markietie te hou op 9 Oktober, al lyk dit bietjie anders! Deel die skakel met jou vriende & familie. Dalk kan julle sommer middagete vir die werk/skool bestel!

**GAAN LOER NA ONS AL ONS PRODUKTE EN NOG MEER!**



Ungegarneerd  
Koekeisters (1 Doz)  
R25.00

Add to cart



Van Glemme  
Bessies Speldekussings  
R15.00

Add to cart



Van Glemme  
King Proteus  
R30.00

Add to cart



Van Vinger  
Leesrubekkie (snaps)  
R55.00


Add to cart



Van Vinger



Gebak



Gebak



Gebak



TORINGKERK. BOONSTE KERKSAAI. HOEK VAN HOOF- EN VAN DER LINGEN STRAAT. PAARL.



9 OKT : MINI MARKIETIE

10 OKT : WYNPROE & WYNVEILING

9 OKT & 12-16 OKT : WIT OLIFANTE

BESTEL VOORAF BY DIE KERKKANTOOR: 021 872 6730 / INFO@TORINGKERK.CO.ZA

tk TORINGKERK 2020 MINIMARKIETIE

# WYNPROE & WYNVEILING

SATERDAG 10 OKTOBER 18:00

TORINGKERK, BOONSTE SAAL

R100 pp

Slegs plek vir 50 persone

WYNPROE AANGEBIED DEUR:

Elunda Basson,

Keldermeester van Steenberg Wyne

KOOP KAARTJIES BY:

Kerkkantoor (Annelie)

021 872 6730

info@toringkerk.co.za

*Koop nou jou kaartjies. First come first serve.*



TORINGKERK. BOONSTE KERKSAAL. HOEK VAN HOOF- EN VAN DER LINGEN STRAAT. PAARL.



9 OKT : MINI MARKIETIE

10 OKT : WYNPROE & WYNVEILING

9 OKT & 12-16 OKT : WIT OLIFANTE

BESTEL VOORAF BY DIE KERKKANTOOR: 021 872 6730 / INFO@TORINGKERK.CO.ZA

TORINGKERK 2020 MINIMARKIETIE

# WIT OLIFANTE

VRYDAG 9 OKTOBER 13h-20h  
en dan weer die hele week van  
12-16 OKTOBER 9h-18h

TORINGKERK, BOONSTE SAAL

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

Kerkkantoor (Annelie)

021 872 6730

info@toringkerk.co.za

*Covid Maatreels in plek . Onthou jou masker .*





20 SEPTEMBER 2020

# TORINGKERK

nuus

## LEER LEEF MET JESUS: GELOOFSREIS 2

### WANNEER BEGIN DIT?

Ons is opgewonde om **14 Oktober** weer te begin met ons volgende aanlyn-reiskuier.

### WAAROM GAAN DIT?

Die volgende boek is 'n 40 dae-program wat twee geloofsgewoontes ontwikkel: **Lection Devina en Examen**. Ons sal soos met die vorige reisgesprekke weekliks bymekaar kom en saam leer, luister en groei. Bestel asseblief jou boekie by die kantoor. Boekies word verkoop teen **R60**.



## DEURKOLLEKTE: GEMEENTE-ONTWIKKELING

Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is 'n gesamentlike werksaamheid van die NGK en VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede maar ook in gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie die kapasiteit het om hierdie uitdaging alleen te hanteer nie. Dit wil die missionêre uitdaging wat 'n nuwe Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke Evangelie op 'n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

## TORINGKERK verjaarsdae

Dennis Basson 20/09	21/09 Mynie Maree
Carina Botha 20/09	22/09 Godfried
Geanné Gelderblom 20/09	Janse van Vuuren
Zelmari Van der Merwe 20/09	22/09 Arrie Nieuwendyk
Heinrich van Wyk 20/09	22/09 Magdaleen Walters
Samuel Cilliers 21/09	23/09 Sussie Brand
Christa du Toit 21/09	23/09 Ruben Du Plessis
Lirietha Dyason 21/09	23/09 Dina Viljoen
Adél Hanekom 21/09	23/09 Danie Visser
Liana Lourens 21/09	24/09 Elizma Immelman

25/09 Elsabé Immelman
25/09 Louisa de Villiers
25/09 Johan Smit
25/09 Christiaan Stander
25/09 Johan Steenkamp
26/09 Dian Basson
26/09 Handré Kleynhans
26/09 Coenie Nelson





HUIS ANDREW MURRAY

# MARKIETIE

*bederf vir ons dogters!*

Ons wil graag ons dogters van Huis Aristeia bederf met ons Mini Markietie feestelikheid! Daar is 12 dogters en 1 huismoeder. Ons wil dus vir hul elkeen bederf met 'n burger (R30 elk), sjokolade brownie (R5 elk), fudge (R5 elk) en 'n koeldrank (R12 elk)

Kontak vir Janneke indien jy kan help!



HUIS ANDREW MURRAY

# KERSFEES

*partytjie*

Aan die einde van die jaar hou ons Kersfees partytjie met ons dogters van Huis Aristeia! Het jy dalk 'n huis/swembad/koek/soetgoed of enige iets anders waarmee jy kan help?

Kontak vir Janneke indien jy kan help!

HUIS ANDREW MURRAY

# SKOENDOOS

*projek*

Ons benodig **13 mense** om hand op te steek om vir die dogters van Huis Aristeia 'n skoendoos op te maak vir Kersfees!

Kontak vir Janneke indien jy kan help!



# DIEP & VÊR

## KOSVOORSIENING AAN 44 GESINNE

### HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

#### KOOPLYSIË:

'Canned fish'  
'Soya mince'  
'Peas/lentils'  
'Baked beans'  
'Maize meal'  
Meel

Melk (lang lewe)  
Olie  
'Peanut butter'  
'Canned mixed veg'  
'Yeast'  
Rys

Jy kan kos items aankoop en dit by die kantoor kom afgee.

1

2

Jy kan 'n finansiële bydrae maak.

Bankbesonderhede:  
NG Gemeente Toringkerk  
ABSA  
Rek Nom: 400590176  
Takkode: 334210  
Verwysing: Diep en Vêr

Jy kan op 'n maandelikse basis kom help kospakkies pak. Kontak vir Janneke.

3

4

Jy kan saam met ons bid vir die gesinne wat hierdie kospakkies ontvang.







13 SEPTEMBER 2020

# TORINGKERK

*nuus*




## Breakfast op die Berg

Toringkerk se KruisConnectors (Gr. 7-10) en Paarl-Vallei Gemeente se tieners het verlede Saterdag Paarlberg uitgeklim. Die uitsig het die 5h30 opstaan 'n 100% die moeite werd gemaak!

Iemand het êrens op die pad gesê: "Dit sal my leer om nooit weer vir 7 maande op my bed te lê nie". Hoe bevoorreg is ons nie? Dat die berg op ons voorstoep is en dat ons so in die Here se tuin kan kuier met ons geloofsfamilie.

Ons het gesels oor wat vir ons mooi en moeilik was in hierdie COVID-tydperk. Dan kon ons ook met mekaar deel waar ons vir God in al hierdie dinge kon raaksien. Die ongelooflike uitsig van die Paarl dwing jou om perspektief te kry oor die lewe, waarmee jy besig is en wat in jou hart aangaan. Dankie vir elkeen wat saam gestap het! Ons maak weer so!







20 SEPTEMBER 2020

# TORINGKERK

*nuus*



TORINGKERK ZAPPER



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 |  
ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 |  
marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 |  
dawfre@fhbc.co.za